

**Maandag 16 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 11:2-35**

**Fokusgedeelte: Daniël 11:32-33, 35**

**Die einde is klaar bepaal – volhard ondanks gruwelike verwoesting**

**M**ense ly onder magsbehepte politici, ook die kerk van die Here. Hoofstuk 11 profeteer hoedat daar nog Persiese konings sal kom tot by Xerxes (Ahasveros) wat baie magtig sal wees.

Die profeet slaan 'n paar konings ná hom oor en verwys na Alexander die Grote, die Griek. Soos bepaal in die geveg van die hemelse vorste (hfst.10), sterf hy op 33-jarige ouderdom – die magtigste kan nie standhou voor die Almagtige God en sy besluite nie. Sy ryk word uiteindelik verdeel in vier. Twee van hulle, die Seleucide in Sirië (konings van die noorde) en die Ptolomeërs in Egipte (konings van die suide) speel hiervandaan die hoofrol wat die heilige volk betref. Dit is 'n uiters verweefde geskiedenis wat maar in die geskiedenisboeke (ook in die Makkabeërboeke) nagelees moet word.

Die stryd tussen noord en suid loop uiteindelik uit op Antiochus IV (Epifanes – deurlugtige), koning in Sirië in wie se ryk Palestina was. Hy het die Hellenistiese kultuur in sy ryk afgedwing deur die Joodse godsdiens te onderdruk. Besnydenis, offers, godsdiensfeeste is verbied, hulle is doodstraf opgelê as die Tora (Wet) by hulle gevind is. Die tempel is onheiligh en 'n altaar vir Zeus in die heilige gebou, waarop varke vir Zeus geoffer is – die gruwel vir God. Baie is doodgemaak.

Maar die verleiding was ook groot: die Griekse wetenskap, filosofie, kuns, letterkunde sport, gimnastiek, ensovoorts, was vir baie Jode aantreklik, daar was selfs 'n pro-Siriese party onder die Jode. Die gewone invloede van ons tegnokratiese en materialistiese lewensomgewing. So gee baie ten koste van die godsdiens die stryd om die gees van die mens gewonne. Die duiwel se twee wapens was nog altyd vervolging en verleiding met dwaling, waarvan laasgenoemde die suksesvolste is.

Om in die geloof staande te bly, moet die gelowiges mense wees wat hulle God ken (vs 32) – die wat lewe deur te hoop en glo en nie deur te sien nie. Vir die gelowige is hierdie lewe 'n loutering wat suiwer (vs 35). Ons krag is die offer wat gebring is: die ware God se eie Seun, en ons Trooster wat ons die ware kennis van God leer. En ons weet: Die einde is klaar bepaal. Daar gebeur nie wat sal gebeur nie – daar sal gebeur wat God besluit!

*Sing: Skrifberyming 15-7; Psalm 40-1:1, 4, 8; 46-2:1, 2, 3; 68-2:1, 6; 69-2:1, 2, 4; 73-1:1, 10, 11*

*Ds. J Malan (Jan) (Burgersdorp)*